

Oordenking  
22 Februarie 2017

**Ons is vergewe omdat ons die volmaakte onskuld van Jesus ontvang het, dit is "Toegerekende Onskuld".**

In die regs-wêreld beteken hierdie "toereken" dat *regsaanspreeklikheid* (liability) aan 'n persoon toegereken word vir die daede en optrede van *iemand anders*, byvoorbeeld 'n ouer vir wat 'n minderjarige kind gedoen het, 'n werkgewer vir wat 'n werknemer gedoen het of wat iemand se sakevennoot gedoen het, op grond van *die verhouding tussen die oortreder en die een aan wie die skuld toegereken word*.

**Toegerekende onskuld** is 'n konsep in die Christelike leer wat sê dat die "*onskuld van Christus aan gelowiges toegereken word*" op grond van ons verhouding met God ons Vader, in Christus Jesus. Dit is op grond van Jesus se onskuld wat uit genade aan ons gegee word, dat God sondaars as sy kinders wil aanneem en hulle onskuldig bevind ten spyte van hulle onreinheid en ongehoorsaamheid.

2 Korintiërs 5: 21 praat oor hierdie toegerekende onskuld. Dit sê, "*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*"

Die Bybel leer dat God ons onskuldig vind omdat Jesus se volmaakte onskuld aan ons gegee word op grond van ons geloofsverhouding met God in Christus Jesus. Vir God is ek as Jesus-gelowige net so gehoorsaam en heilig soos Christus is, ten spyte van my sondeskuld en onreinheid.

***Die Here voldoen aan beide sy heiligheid en sy ontferming. Sonde word om Gods heiligheid ontwil in Christus gestraf en genade word aan om Christus wil aan sondaars bewys. So vind ons in Christus genadige heiligheid, heilige genade!***

In die lydenstyd wat volgende week op Aswoensdag begin, sal ons weer sien hoe Jesus vir ons betaal het en hoe ons geklee is met die onskuld en heiligheid van ons Verlosser.